

*Steek êrens in jou woonplek 'n kers aan terwyl jy lees.*

**Tema: Ontdekkings in vreemde  
geselskap**

**Skriflesing: Lukas 7:36-8:3**

### Broodjies vir die pad

“The way of Jesus cannot be imposed or mapped — it requires an active participation in following Jesus as he leads us through sometimes strange and unfamiliar territory, in circumstances that become clear only in the hesitations and questionings, in the pauses and reflections where we engage in prayerful conversation with one another and with him.”

— Eugene H. Peterson, *The Jesus Way: A Conversation on the Ways That Jesus Is the Way*

“Authenticity is a collection of choices that we have to make every day. It's about the choice to show up and be real. The choice to be honest. The choice to let our true selves be seen.”

— Brene Brown, *The Gifts of Imperfection*

“All my life I have loved travelling at night, with a companion, each of us discussing and sharing the known and familiar behaviour of the other. It's like a villanelle, this inclination of going back to events in our past, the way the villanelle's form refuses to move forward in linear development, circling instead at those familiar moments of emotion. Only the rereading counts, Nabokov said. So the strange form of that belfry, turning onto itself again and again, felt familiar to me. For we live with those retrievals from childhood that coalesce and echo throughout our lives, the way shattered pieces of glass in a kaleidoscope reappear in new forms and are songlike in their refrains and rhymes, making up a single monologue. We live permanently in the recurrence of our own stories, whatever story we tell.”

— Michael Ondaatje, *Divisadero*

“Strange how a single conversation can change you. Or maybe it only seems that way in retrospect.”

— Barack Obama, *Dreams from My Father: A Story of Race and Inheritance*

“Leonardo da Vinci liked to boast that, because he was not formally educated, he had to learn from his own experiences instead”

— Walter Isaacson, *Leonardo da Vinci*

“That goes a step too far, I think. Leonardo did not invent the scientific method, nor did Aristotle or Alhazen or Galileo or any Bacon. But his uncanny abilities to engage in the

dialogue between experience and theory made him a prime example of how acute observations, fanatic curiosity, experimental testing, a willingness to question dogma, and the ability to discern patterns across disciplines can lead to great leaps in human understanding.”

— Walter Isaacson, *Leonardo da Vinci*

“To love someone fiercely, to believe in something with your whole heart, to celebrate a fleeting moment in time, to fully engage in a life that doesn't come with guarantees — these are risks that involve vulnerability and often pain. But, I'm learning that recognizing and leaning into the discomfort of vulnerability teaches us how to live with joy, gratitude and grace.”

— Brené Brown, *The Gifts of Imperfection*

### Vir jou, my kind, sal my besem altyd vee

Klein sinkplaathuis

Die labels van blikkies kos

Al wat die koue sink

versier

Tien taxi's

ver om by die werk te kom

om net die paar rand te verdien

Jou kinders kos en skool

toe te kan stuur

Nooit 'n dag af

Lyf wat al pyn

om die ryk werkgewer

se huis te skrop

Maar sal nooit opgee

Sal skoonmaak

'n Duisend besems deurvee

Om my kind 'n beter lewe te gee

*Tommy Koekemoer*

“Without a larger measure of consciousness, we cannot begin to struggle with fate. We rather remain its prisoner. It behooves all of us to look at the prevalent patterns of our lives and ask what “story” they might be serving.”

— James Hollis, *What Matters Most: Living a More Considered Life*

“Personhood is not a gift; it is a continuing struggle; the gift is attained later, and only from living a mindful journey where, prompted by an inner summons, we write our story at last.”

— James Hollis, *What Matters Most: Living a More Considered Life*

“A writer - and, I believe, generally all persons - must think that whatever happens to him or her is a resource. All things have been given to us for a purpose, and an artist must feel this more intensely. All that happens to us, including our humiliations, our misfortunes, our embarrassments, all is given to us as raw material, as clay, so that we may shape our art.”

— Jorge Luis Borges, *Twenty-Four Conversations with Borges: Interviews by Roberto Alifano 1981-1983*

## ’n Ensiklopedie van die VOC aan die Kaap

*Fransjohan Pretorius*

Oor die veel bekroonde Dan Sleigh se skryfvermoë bestaan daar geen twyfel nie. Met talle werke het hy ons horisonne al verruim. *Die buitposte* (niefiksie), *Eilande en 1795* (albei fiksie) getuig daarvan.

*Retoervloot* is iets vir die niefiksie-rak. Die oorsprong van die werk is die skrywer se ontdekking in die biblioteek van die Universiteit van die Witwatersrand van die persoonlike joernaal van admiraal Johannes van Steelant van die Vereenigde Oostindische Compagnie oor sy retoervloot van Batavia tot in Nederland in 1713. Dit was die vloot wat die verwoestende epidemie van kinderpokke na die Kaap gebring het. Eindelik kon Sleigh vir ons vasstel op watter skip die pokke Kaap toe gekom het.

Waaroor hierdie werk nie gaan nie, is om by die kinderpokke-geskiedskrywing betrokke te raak wat sedert die 1970’s woed deur historici soos Shula Marks, Robert Ross, Sumner la Croix en Russel Viljoen. Dit bied wel vir historici wat dáárin belang stel waardevolle bykomende pitkos.

Wat ons hier kry, is Sleigh se parafrasering van Van Steelant se joernaal. Dit gee vir ons ’n verhelderende kyk op die verhaal van die admiraal en sy vloot en hul maande lange stryd op see teen afstande, siektes en elemente van die natuur. En natuurlik van hul verblyf aan die Kaap.

In hoofstuk een word die ontstaan en groei van die VOC in breë trekke geskets. Verdere hoofstukke voordat Van Steelant se joernaal benut en ingeklee word, stel die leser voor aan Batavia, die Oosterse handel en die voorbereiding van ’n vloot.

Saam met Van Steelant op die vlagskip *Sandenburg* was sy vyf kinders van tussen 13 en vyf jaar oud. Op 6 Desember 1712 kom sy eerste vermelding van siekte by sy kinders (wat hy twee weke later as “regte kinderpokke” diagnoseer). In Januarie 1713 sterf die eerste matroos aan pokke.

Op 12 Februarie 1713 anker die vloot op die ankerplek (rede) voor die Kasteel aan die Kaap. Sleigh verskaf waardevolle agtergrond oor die Kaapse geskiedenis. Hy wys daarop dat die Wes-Kaapse stamme van die Khoekhoen, ook genoem Koina (ou benaming Hottentotte), sedert Jan van Riebeeck se tyd stelselmatig uit hul weiding verdryf is.

Teen 1713 was die enigste Khoekhoen in die Kaapse skiereiland ontstamde arbeiders op graan-, vee- en wingerdplase.

Jy slaan jou hande saam oor die swak bestuur, intimidasie, eiegeregtigheid en korrupsie en selfverryking van VOC-amptenare in die Ooste en aan die Kaap. Die waarnemende

gesaghebber aan die Kaap by Van Steelant se aankoms, Willem Helot, is geen uitsondering nie.

Van Steelant vertoef agt weke aan die Kaap en, soos sy amp vereis, vergader hy verskeie kere met die Politieke Raad oor die plaaslike situasie. Sedert sy vertrek van Batavia is 20 van sy matrose dood aan siekte en is 55 siekes in die Kaapse hospitaal opgeneem. Die leser besef: Rooi ligte flikker vir die pokke-epidemie wat gaan toeslaan . . .

Op 5 April sit Van Steelant se vloot die reis na Nederland voort. Sombereg kondig Sleigh aan: “Die grootste nalatenskap van 1713 se retoervloot was die verwoestende pokke-epidemie wat die Kaap getref het.”

Kinderpokkies is ’n hoogs aansteeklike virusinfeksie.

Omdat daar nie ’n mediese amptenaar op die Tafelbaaise rede teenwoordig was om die inkomende retoervloot te ondersoek nie, het die siekte aan die Kaap toegeslaan.

Sowel Van Steelant as Helot het nagelaat om die uitbreek en verspreiding van die siekte onder die Kapenaars met behulp van kwarantynmaatreëls te voorkom. Eers op 31 Maart vermeld die Kaapse dagregister vir die eerste keer dat pokke onder die Kompanjie se slawe uitgebreek het. Omdat dit onbekend aan die Kaap was en daar dus geen verworwe immuniteit teen die siekte was nie, het dit die bevolking swaar getref; 25% van alle Kapenaars van Europese herkoms het daaraan gesterf, 50% van hul slawe en tot 90% van die hele Kaap se Khoekhoen-bevolking.

Daar is ’n hutspot van bykomende wetenswaardighede.

Jy gaan lees waar die uitdrukking “derde maal is skeepsreg” vandaan kom; noukeurig verneem hoe die retoerskepe met kundigheid gelaai is; van rampspoed in Tafelbaai; van Constantia-wyn; en veel meer.

Naas die fyn parafrasering van Van Steelant se joernaal gaan die skrywer buite om die retoervloot van 1713, en gee hy ter wille van konteks gebeure en ervarings uit vroeëre en latere retoervlote – alles inligting wat vir die fynproewer kos is. Het jy egter geen aptyt vir detail nie, kan jy swaar sluk.

Deur sy kundige behandeling van Van Steelant se joernaal gee die skrywer vir ons ’n ensiklopedie van die VOC se bedrywighede, met die retoervloot van 1713 wat die kern daarvan vorm. Die joernaal spreek van energie, ondernemingsgees, moed en deursettingsvermoë.

Waardevolle inligting kry die leser ook in die verklarende woordelys, die omskakeling van lengtes, mate en gewigte, die verhelderende kaarte en die keurige kleurfoto’s.

Met die publikasie van *Retoervloot* gee Tafelberg aan Sleigh erkenning vir sy lewenslange studie van die VOC-tydperk.

\* *Fransjohan Pretorius is emeritus professor in geskiedenis aan die Universiteit van Pretoria.*

<https://www.netwerk24.com/netwerk24/kunste/boeke/n-ensiklopedie-van-die-voc-aan-die-kaap-20220306>

## Brood vir die pad

Dit is dan maar hoe die lewe is, maar vég terug

*Christina Landman*

Nou die dag hoor ek ’n vriendin van my het kanker. Ek bel haar om saam met haar te huil en te hoop. Maar sy sê: “Dis maar hoe die lewe is.”

Sy is baie gelowig. Ná 'n paar maande sterf sy. Ek voel getroos omdat sy die dood aanvaar het. Die dood . . . is maar hoe die lewe is.

Maar dit wil my nie los nie: Is dit hoe die lewe dan is? Is dit net vir aanvaar?

Soos byvoorbeeld die oorlog in Oekraïne. Moet ons sê daar sal maar altyd oorloë en gerugte van oorloë wees? Is dit maar hoe die lewe is?

Die vroegste Christene, wat erg deur die Romeine vervolgt is, het drie maniere gehad om na die lewe en die dood te kyk. Een groep het die lewe opgesê omdat hul beloning in die dood gelê het. Soos die vroeë martelare. Ek lees selfs iewers van 'n groep Christene wat heeltemal ongewapen teen die Romeinse leer uitgetrek het en afgemaai is. Hul beloning was in die lewe ná die dood.

Ander Christene weer se hoop het juis daarin gelê dat hulle kon terugveg. God gee die oorwinning vir hulle wat terugveg.

'n Derde groep het geglo dat die lewe 'n kosmiese stryd teen die bose is. Dis hoe die lewe is. Solank jy die goeie stryd stry, durf jy jou nie bekommer oor of jy gaan lewe of sterwe nie.

Ek vra 'n klompie mense hier en daar wat hulle oor die oorlog in Oekraïne dink. 'n Hele paar sê dis maar hoe die lewe is. Daar sal altyd oorlog wees. As die hele wêreld nou hul neus daar gaan insteek met vegvliegtuie en wapens, dan het ons netnou die Derde Wêreldoorlog. En dit gaan nie goed vir enigeen wees nie. Dis nie hoe die lewe moet wees nie.

Ander bewonder weer hoe die mense van Oekraïne terugveg en dat daardie martelare die hoop van die mensdom is. Ander weer gaan diep godsdienstig en sien die oorlog in Oekraïne as deel van die kosmiese stryd teen die bose. Teen Rusland se Wladimir Poetin, wat die wêreld wil oorheers. 'n Wolf wat Christen speel, maar in skaapsklere die wêreld in 'n bose chaos wil omskep sodat hy kan oorneem.

Ek dink nie die oorlog in Oekraïne is maar soos die lewe is, punt, nie. Ja, die lewe het magstryde. Altyd sal daar mense wees wat ander wil oorheers. Jy kan hulle booshede noem. Maar die lewe is vir terugveg.

Dis hoe die lewe is. Die hoop lê in die terugveg. Maar dit moet nie 'n oorlog te wees nie.

In vandag se taal moet ons nie sê ons veg teen iets of iemand nie. Los die demonisering van mense. Ons moet liewers sê ons veg vir iets. Vir menswaardigheid. Vir lewens. Vir die goeie lewe vir almal. Vir selfbeskikking. Vir demokrasie. En natuurlik vir gesonde geloof.

Ek wys vir my seun 'n artikel met die titel "Fight, Flight or Faith". Hy sê: "Maar ek dog faith en fight is dieselfde." En inderdaad is dit die punt. Jou geloof laat jou veg. As dit maar nie 'n oorlog moet te wees nie.

Ek gaan vir die dis-maar-hoe-die-lewe-is-opsie, met die fokus om terug te veg sonder dat daar 'n oorlog moet te wees. My vriendin het teruggeveg met chemo. En toe het sy gesterf.

Dit is hoe die lewe is.

\* *Landman is 'n professor in teologie verbonde aan Unisa.*

<https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/menings/dit-is-dan-maar-hoe-die-lewe-is-maar-veg-terug-20220315>